

Pravin Gordhan Foto: GALLO IMAGES

# Gordhan: Vegter vir SA

## Talle onthou hom as merkwaardige held

**Verslagspan**

'N Onverskrokke vryheidsvegter, 'n lojalis en 'n merkwaardige held. Dit is onder meer hoe oudpolitici gister verwys het na oudmin. Pravin Gordhan.

Hulle het gepraat op 'n mediakonferensie wat gehou is deur die Ahmed Kathrada-stigting nadat die nuus van sy dood gisteroggend vroeg bekend geword het. Gordhan se familie sê familie en vriende het hom omring toe hy sy laaste asem uitgeblaas het.

Hy is oorlede enkele dae nadat sy familie Dinsdag bekend gemaak het hy is in die hospitaal. Hy het ná sy aftrede 'n kort stryd teen kanker gevoer.

Gordhan, wat voor die algemene verkiesing vroeër vanjaar sy aftrede aangekondig het, word oorleef deur sy vrou, Vanitha, en dogters, Anisha en Priyesha.

■ Neeshan Balton, uitvoerende direkteur van die Ahmed Kathrada-stigting, het intussen bevestig Gordhan se amptelike begrafnis word Donderdag in Durban gehou. 'n Private verassingsdiens sal daarna volg.

**Gordhan se bydraes**

Gordhan (75) was van sy tienerjare betrokke by die stryd teen apartheid en was onder meer 'n leiersfiguur in die Natal Indian Congress en die United Democratic Front. Hy was betrokke by die ANC se ondergrondse stryd teen apartheid.

Gordhan het ook deelgeneem aan die gesprekke op Kodesa wat tot die totstandkoming van die demokratiese Suid-Afrika gelei het en het in 1994 sy plek in die eerste demokratiese parlement ingeneem. Dit is veral as lid van die regering en kabinet wat Gordhan onthou sal word.

Hy was van Maart 1999 tot 2009 die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) en onder sy leiding het dié instelling ontwikkel tot een van werklik wêreldgehalte voordat dit later in die regeringstydperk van oudpres. Jacob Zuma onder die beheer van Tom Moyane bykans vernietig is.

Hy was van 2009 tot 2014 minister van finansies, van 2014 tot 2015 minister van samewerkende regering en tradisionele aangeleenthede, van 2015 tot 2017 weer minister van finansies en van 2018 tot sy aftrede verlede jaar minister van openbare ondernemings.

'n Groot deel van Gordhan se loopbaan as kabinetsminister is deurgebring in die "nege vermorste jare", waarin korrupsie en staatskaping hoogty gevier het met Zuma as president. Gordhan sal egter onthou word as iemand wat hom deurentyd teen korrupsie en staatskaping uitgespreek het – al het dit die wêreld vir hom soms 'n eensame en moeilike plek gemaak.

Hy is byvoorbeeld in 2015 inderhaas weer as minister van finansies aangestel om die markte te kalmeer ná Zuma se ondeurdagte aanstelling van Des van Rooyen. Gordhan het in sy tweede termyn as minister van finansies een van die voorvegters teen korrupsie en staatskaping geword en hom openlik van Zuma gedistansieer.

**Minder suksesvolle tye**

Gordhan se laaste paar jaar in die kabinet as minister van openbare ondernemings was nie suksesvol nie. Die portefeulje van openbare ondernemings was 'n ware gifbeker ná jare van ongebreidelde korrupsie en staatskaping.

Gereelde ongewilde finansiële reddingsboeie is na onder meer die Suid-Afrikaanse Lugdiens en Eskom uitgegooi met die staatskas wat al hoe leër geword het.

Vooraanstaande ekonome het Gordhan skerp daaroor veroordeel en daar is selfs gesê Suid-Afrika se ernstige finansiële krisis is alleenlik sy skuld.

Hy was teen einde verlede jaar nie meer die gewilde minister wat sy rug styf gemaak het teen dit wat verkeerd is nie.

Die verhouding tussen Gordhan en André de Ruyter, voormalige uitvoerende hoof van Eskom, het byvoorbeeld skeefgeloop en bekgevegte het gevolg.

Gordhan was ook gereeld in die visier van die EFF, wat hom dikwels op 'n aggressiewe, kwalik bedekte rassistiese wyse behandel het.

Nadat 'n minister van elektrisiteit aangestel is, was daar dikwels verwarring oor wie nou eintlik in beheer van Eskom en kragvoorsiening is: hy, die minister van elektrisiteit, of Gwede Mantashe, destyds minister van minerale bronne en energie, met wie Gordhan nie altyd oor die weg gekom het nie.

Gordhan se aftrede was nie 'n verrassing nie en die pos van minister van openbare ondernemings is geskrap toe pres. Cyril Ramaphosa ná vanjaar se verkiesing sy kabinet aangekondig het.

**Doodsbedtoespraak**

"Demokrasie sal nie op sy eie oorleef nie en dit moet voortdurend beveilig en verbeter word."

Dié woorde was deel van Gordhan se laaste toespraak wat hy glo uit sy hospitaalbed geskryf het. In die toespraak, wat op die 130ste herdenking van die stigting van die Natalse Indiese Kongres sou gehou word, vaar Gordhan veral uit teen die gevolge van staatskaping. Hy gee ook raad oor hoe Suid-Afrika sy demokrasie kan versterk en verbeter.

Die brief, gedateer 8 September, is in *Beeld* se besit. Hier is enkele uittreksels.

"Vandag besin ons oor die gaping wat ontstaan het tussen waardes, integriteit en toewyding aan nasionale belang en eiebelang, hebsug en korrupsie.

"Vandag is ons taak, as ek nederig kan voorstel, om die waardes van ware demokrasie en van 'n demokratiese kultuur te bevorder, en te verseker dat die land in die regte rigting beweeg. Dat die instellings van demokrasie, geskep deur die Grondwet, 'staatskapingbestand' gemaak word.

"Ons kan nie weer 'n Nasionale Vervolgingsgesag, sekere takke van wetstoepassing en die Openbare Beskermer se kantoor afstaan om misbruik te word deur diegene wie se enigste doel is om hul eie bankrekeninge te vul nie," skryf Gordhan.

**Persoon van die Jaar**

Gordhan is in 2015 as *Beeld* se Persoon van die Jaar aangewys.

Volgens die gedenkboek *Beeld 50: Om 'n groot storie hard te slaan*, spruit dit uit Gordhan se aanwysing nadat hy Van Rooyen, omstrede "naweekminister van finansies, vervang het en die land se finansiële markte dadelik gestabiliseer het". In die boek skryf Barnard Beukman, redakteur van *Beeld*: "As minister van openbare ondernemings onder Ramaphosa het Gordhan egter mettertyd verswelg geraak deur die magstryde in instansies soos die Suid-Afrikaanse Lugdiens en Eskom en sal hy eerder as 'n teleurstelling onthou word."

**Skurk of held? Só word hy onthou**

■ Ramaphosa het Gordhan 'n lewenslange aktivis genoem.

■ Prof. Ntsikelelo Breakfast van die Nelson Mandela-Universiteit meen Gordhan was vir sommige mense 'n held, maar vir ander 'n skurk. "Dit maak egter nie saak aan watter kant van die heining 'n mens staan nie, dit is 'n feit dat hy 'n betekenisvolle bydrae tot ons demokrasie gelewer het."

■ Prof. André Duvenhage van die Noordwes-Universiteit meen krediet moet aan Gordhan gegee word vir sy geweldig groot rol om 'n baie sterk en doeltreffende SAID daar te stel. Duvenhage sê Gordhan het in die Zuma-era egter in die "rukwinde van 'n veranderende politieke omgewing" as minister van finansies gedien en kon nie "werklik 'n groot verskil maak nie".

■ Patricia de Lille, Good-leier, eer Gordhan se bydrae in die oorgangsfase van apartheid na demokrasie. "Sy leierskap in die oorgang na demokrasie, en later in die openbare sektor, het onwrikbare integriteit en toewyding aan sy land weerspieël. As Suid-Afrikaners is ons dankbaar vir sy diens en, in die besonder, sy toewyding en veerkragtigheid in die stryd teen korrupsie."

■ Die EFF skryf in 'n verklaring: "Die EFF neem kennis van die dood van Pravin Gordhan sonder enige skyn van hartseer. Gordhan was 'n man wie se nalatenskap diep verweef is met die vernietiging van ons staatsondernemings en die verraad van die mense van Suid-Afrika."

■ Panyaza Lesufi, premier van Gauteng, en Fikile Mbalula, sekretaris-generaal van die ANC, het Gordhan se familie gister by hul huis in Groenkloof, Pretoria, besoek en hom beskryf as 'n reus, 'n patriot en 'n vryheidsvegter.

Mbalula het Gordhan as 'n "uitsonderlike minister" beskryf wat 'n groot naam soos Trevor Manuel se skoene as minister van finansies kon volstaan.

**– Dennis Delport, François Williams, Heinz Schenk, Gert van der Westhuizen, Llewellyn Prince en Anja van der Merwe**


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.